

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 15 Mei 2016 – Aand**

**Sing vooraf staande:** Psalm 19:6, 7 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!  
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.  
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?  
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;  
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.  
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,  
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 34:1, 6 (p. 166)

- 1 In weelde en ongeluk, / altyd sal ek die HERE prys;  
altyd vir Hom my lof laat rys, / in voorspoed en in druk.  
Hom sal 'k die ere skenk, / tot roemtaal kragtig aangespoor.  
Sagmoediges, hul sal dit hoor / en aantree op my wenk.
- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die Heer se vrees wil ek jul leer.  
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?  
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;  
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

**Gebed**

Psalm 119:25, 26 (p. 591)

- 26 U, o HERE, 't my geskape / deur u goddelike hand –  
ag, herskep my nou inwendig / en verlig U my verstand.  
Al u dienaars sien my lewe / en dit is hul siel 'n vreug  
dat my siel op u beloftes / so vrymoedig hom verheug.
- 27 Al u vonnis is suiwer, / maar onsuiver was my weg;  
dat U my dan swaar verdruk het, / is 'n daad van trou en reg.  
Dog waar ek in u beloftes / al my heil soek en geluk,  
bid ek dat U, na u goedheid, / my wil troos in al my druk.

**Skriflesing:** Handeling 20:17-38; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 17

**Kernvers:** Handeling 20:20-21

**(Julle weet) hoe ek niks agtergehou het van wat nuttig is nie, om dit aan  
julle te verkondig en julle te onderrig in die openbaar en in julle huise,  
terwyl ek kragtig by die Jode sowel as die Grieke aangedring het op die  
bekering tot God en die geloof in onse Here Jesus Christus.**

(Handeling 20:20-21 AFR53)

**Dordtse Leerreëls**

**Hoofstuk 3 en 4, Artikel 17**

*Die almagtige werking van God waardeur Hy ons natuurlike lewe skep en onderhou, sluit  
nie die gebruik uit van die middele waardeur God na sy oneindige wysheid en goedheid  
hierdie krag van Hom wil uitoefen nie, maar eis juis dat hulle gebruik sal word. Net so sluit  
bogenoemde bonatuurlike werking van God waardeur Hy ons weer gebore laat word vol-*

*strek nie die gebruik van die evangelie uit en werp dit ook nie omver nie; intendeel, die alwyse God het dit tot 'n saad van die wedergeboorte en tot voedsel vir die siel bestem. Die apostels en die leraars wat hulle opgevolg het, het dan ook die mense gelowig oor hierdie genade van God tot sy eer en tot onderdrukking van alle hoogmoed onderrig. Hulle het ook nie nagelaat om die mense ondertussen deur middel van heilige vermanings uit die evangelie onder die bearbeiding van die Woord, van sakramente en van die kerklike tug te hou nie. Net so moet hulle wat nou in die gemeente onderrig gee, of die wat onderrig ontvang, hulle ook nie aanmatig om God te versoek deur die dinge te skei wat Hy na sy welbehae wou saamvoeg nie. Deur die vermanings word die genade immers gegee en hoe gewilliger ons ons amp uitoefen des te heerliker word die weldaad wat God in ons werk openbaar. So vorder God se werk op die allerbeste manier. Aan dié God alleen kom al die heerlikheid van die middele sowel as van die heilsame vrug en die krag daarvan tot in ewigheid toe. Amen.*

### **'n Verduideliking by artikel 17**

Tot dusver het ons bely van die kragtige en wonderbaarlike werk wat God doen wanneer Hy 'n mens tot bekering en geloof bring. In hierdie laaste artikel kom ons by die weg waarlangs die Heilige Gees hierdie werk doen. Of anders gesê, ons gaan nou bely watter gereedskap die Heilige Gees gebruik om hierdie werk te doen. Ons begin eers by ons natuurlike lewe, want dit is sigbaar en meer bekend.

Wanneer God se almagtige werking ons natuurlike lewe skep en onderhou, maak Hy gebruik van middele. Byvoorbeeld, God is almagtig om ons aan die lewe te hou sonder kos en water, maar in sy oneindige wysheid en goedheid wil Hy sy krag juis uitoefen deur die middele, soos brood en water, wat Hy gee.

Net so is dit ook wanneer God sy bonatuurlike werking doen om 'n mens weer gebore te laat word. Die Heilige Gees is by magte om sonder enigiets weergeboorte te skenk aan 'n mens. Maar in sy oneindige wysheid wil Hy juis die evangelie gebruik. Daarom is die evangelie die saad van die weergeboorte en die voedsel vir die siel.

Die apostels en leraars het gelowig die mense onderrig oor die genade wat die Here gee wanneer Hy sy Woord aan hulle gee. Hierdie onderrig is tot eer van God en om die hoogmoed van die mens te onderdruk. Niemand, ongeag sy stand of status, is te goed om die Woord van die Here te hoor nie. Dit is immers die middel waardeur die Heilige Gees weergeboorte wil skenk. Verder het die apostels en die leraars die mense met heilige vermanings gelei om onder die bediening van die Woord, sakramente en kerklike tug te bly. Al drie hierdie bedieninge is die bediening van een en dieselfde evangelie van Jesus Christus. So wil God die siele van die gelowiges voed.

Diegene wat tans in die gemeente onderrig gee en onderrig ontvang moenie die Here se werk en die middele waardeur Hy hierdie werk wil doen van mekaar skei nie. Na sy welbehae het Hy dit saamgevoeg en so moet dit dan ook bly. Dit is immers met die onderrig uit die Woord wat gelowiges die genade van die Here ontvang. En hoe gewilliger gelowiges hulle amp uitoefen, hoe duideliker word die weldaad van God in hulle lewens.

Wanneer die evangelie bedien word in prediking, sakramente en kerklike tug vorder God se werk op die allerbeste manier, want dan word die middele gebruik waarmee die Heilige Gees in die lewens van mense wil werk. Die heerlikheid van die middele, die heilsame vrug daarvan en die krag daarvan is alleen die Here se werk. Daarom kom alle eer net aan Hom toe tot in ewigheid.

## **Tema:** Hoe belangrik die Heilige Gees se gereedskap is

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, dit is vandag nie vreemd om mense te hoor sê dat preke vir hulle eentonig geraak het nie. Vanuit allerhande wetenskappe word dit gesê dat mense nie meer so lank kan stil sit en konsentreer en net luister nie. Daar moet voortdurend wisseling wees of ten minste 'n dialoog. Daar moet eerder gesprek gevoer word as dat een mens die hele tyd vir twintig minute of langer praat.

Bybel lees is vir die moderne mens moeilik. Baie sê maklik dit is vervelig, want dit is 'n ou boek en boonop nog so onverstaanbaar. En die sakramente en tug ... "Ag, mens," sal hulle vir jou sê, "dit is mos nie meer iets wat die mens van die een en twintigste eeu in die hart aanspreek nie."

Daar word gesê dat die eredienste interessanter gemaak moet word. Die gemeente moet op verskeie maniere in die eredienste betrek word. Gee ruimte vir goed soos koordanse. Bring meer simboliek in die eredienste en kerkgebou in. Skep 'n ruimte waar die kinders op hulle vlak Bybelverhale kan hoor, want die preek is in elk geval vir hulle te moeilik om te volg.

En ja, preke moet eerder motiveringspraatjies wees. Mense kry genoeg met die slegte dinge in die week te doen. Moet daarom nie nog ook op 'n Sondag vir hulle vertel van hulle sonde en die oordeel van die Here daaroor nie. Beur hulle eerder op. Maak die erediens 'n aangename en vrolike ervaring. En moet asseblief tog net nie daardie Psalms en Skrifberymings sing met die moeilike wysies en woorde nie.

Broers, susters en kinders, die mense wat kwansuis weet, sal vir ons sê: Vergelyk maar net die bywoningsyfers. As jy vir mense gee wat hulle wil, stroom hulle daarheen om dit te sien en te hoor. Smalend sal hulle vir ons in Bellville sê: "Kyk net hoe min is hier bymekaar teenoor daar waar die mense kry wat hulle soek. Kyk net hoe sukkel julle om nuwe mense in die kerk te kry."

Wanneer ons nugter na hierdie dinge kyk en ons vra onself af: Wat het hier gebeur? Wat het hierdie mense gedoen om so baie mense in hulle samekomste te kry? Dan gaan ons net op een antwoord uitkom – die Woord van die Here is hoe langer hoe meer verdun met verhaaltjies uit die daaglikse lewe van mense; die Woord van die Here is met die stories van mense stadig maar seker eenkant toe geskuif, en uiteindelik is die Woord van die Here geheel en al vervang al word daar nog oënskyklik uit die Bybel gelees of miskien net na die Bybel verwys.

Hier in artikel 17 bely ons juis watter gereedskap of middele die Here vir ons natuurlike lewe en geestelike lewe gebruik. Ons weet dat God ons aan die lewe hou. Hy gee krag en gesondheid sodat ons kan lewe en werk. Vir ons om te lewe, moet ons eet en asem haal. Die middele wat God in sy oneindige wysheid gee waarmee Hy vir ons krag en gesondheid gee, is kos en suurstof.

Natuurlik is God by magte om 'n mens aan die lewe te hou sonder kos en water – Hy is immers almagtig en Hy is nie afhanklik van middele om sy werk te doen nie. Moses was dan vir veertig dae en veertig nagte saam met God op die berg en hy het geen brood geëet of water gedrink nie (Eks 34:28), maar hy het gesond en kragtig gebly. In die afgelope week is daar 'n dogtertjie van ses maande oud gered onder die rommel van die gebou wat in Nairobi inmeakaargestort het. Sy was vir tagtig uur sonder kos en sy lewe omdat die Here almagtig is. Hy kan 'n mens se lewe sonder middele onderhou.

Maar die Here het kos en water geskep, soos al die ander dinge om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien. Dit is die Here se welbehae om in normale omstandighede middele te gebruik om die mens se lewe in stand te hou. Daarom moet ons die middele gebruik wat Hy gee. As ek dan kies om die middele af te wys wat die Here gee vir my natuurlike lewe, sal ek verswak en uiteindelik sterf. Dit gaan ook nie help ek staan daarop dat God almagtig is en nie middele nodig het om my aan die lewe te hou nie. As ek so maak, spreek dit nie van geloof nie, maar eerder van arrogansie. Ek wil dan die Here uitdaag om my op 'n ander manier gesondheid en krag te gee as wat Hy in sy wysheid besluit het om dit te doen.

Wat vir ons liggaamlike lewe geld, geld ook vir ons geestelike lewe. Die Here is in staat om geloof aan 'n mens te skenk sonder om enige middel te gebruik, want die Heilige Gees is almagtig en kan in die binneste dele van die mens indring en niemand sal Hom kan keer om in die mens te werk nie. Maar in sy Woord maak die Here dit duidelik dat Hy die geloof deur middel van die prediking van die Woord in die mens wil opwek (Rom 10:14-17). Die Heilige Gees wil die weergeboorte ook nie sonder die Woord aan die mens skenk nie. God het immers die evangelie van Christus bestem as die saad van die weergeboorte (Jak 1:18; 1 Pet 1:23). Maar die Woord van die Here is nie net noodsaaklik vir die begin van 'n mens se verhouding met die Here nie. Om te groei in hierdie verhouding met die Here is die Woord van die Here net so noodsaaklik. Aan die Korintiërs skryf Paulus:

**Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei.**  
(1 Korintiërs 3:6 AFR53)

Paulus het die aanvanklike verkondiging van Christus gedoen in Korinte. Deur middel van hierdie verkondiging het die Heilige Gees bekering en geloof aan hulle gegee. Die verdere groei het God nie op 'n ander manier gedoen nie as juis deur die verkondiging van die evangelie deur Apollos. En hoe Timoteus ook al gevoel het oor die prediking van die evangelie in Efese het nie saak gemaak nie. Paulus het hom ernstig vermaan om daarmee aan te hou, want dit is die middel wat die Heilige Gees gebruik (2 Tim 4:1-2). Die Woord van die Here moet dus getrou en aanhoudend verkondig word, want dit is die middel wat die Heilige Gees wil gebruik. In ons kernverse maak die Heilige Gees vyf sake duidelik aangaande getroue prediking van die Woord.

Getroue prediking vereis dat die hele raad van God verkondig word. Paulus sê dat hy niks teruggehou het wat vir die Efesiërs voordelig sou wees nie. Paulus het die genade van God in Christus aan hulle verkondig, maar ook die regverdigheid van die Here. Hy het moeilike sake aan hulle verkondig – dinge wat vir ons natuurlike verstand nie maklik is nie. Omdat hy in diens van God gestaan het, het hy nie die moeilike sake omseil nie. Hy was nie daarop uit om populêr te wees by mense nie. Hy het verkondig wat nodig is sodat hierdie gelowiges God die Vader en Jesus Christus werklik sou ken, want dit was vir hulle voordelig.

Kyk maar in die brief aan die Efesiërs watter sake voordelig vir die Efesiërs was. Hulle moes hoor van die uitverkiesing. Hulle moes weet dat hulle dood in hulle sonde was, maar dat God hulle uit genade daaruit gered het. Hy het aan hulle geleer dat die kruis van Christus die skeiding tussen Grieke en Jode afbreek het. Al hierdie waarhede breek die natuurlike hoogmoed van die mens af en verheerlik die verlossingswerk van Christus.

Getroue prediking van die Woord verklaar die Woord aan die gelowiges en loop uit op die praktiese toepassing van die Here se Woord in die lewens van gelowiges. Paulus sê hy het verkondig wat voordelig is vir die gelowiges in Efese. Prediking kan tog nie maar net 'n mooi en interessante verhaaltjie wees nie. Ons moet daaruit leer wat die Here wil hê ons

moet doen. Daarom moet die prediker die Here vra om hom te leer oor 'n spesifieke gedeelte en wat Hy aan sy gemeente wil leer om te doen. Waardevolle toepassing van die Woord kan net plaasvind wanneer die Woord getrou in die konteks verklaar is.

Getroue verkondiging van die evangelie vind plaas in die openbaar en ook privaat in die huise van gelowiges. Paulus sê dat hy in die openbaar en in die huise van die gelowiges onderrig gegee het. Daarom is die amptelike werk wat die Here aan die predikante gee die prediking in die eredienste maar ook die getroue huisbesoeke waar die evangelie in die besondere omstandighede van 'n huisgesin verkondig word. In die lewe van die gemeente en elke gelowige staan die Woord van die Here sentraal. Hierin hoor ons die stem van ons lewende God. Hierin hoor ons die oneindige liefde wat God vir sondaars het. Hierin wys die Heilige Gees ons keer op keer die pad terug na Christus toe, want net deur Hom kom ons by die Vader uit. Motiveringspraatjies en menslike storietjies gaan ons nie by God en sy koninkryk uitbring nie.

Getroue verkondiging van die evangelie word nie gedikteer deur die mense wat dit hoor nie. Paulus het by Jode en Grieke ernstig aangedring op bekering tot God en geloof in ons Here Jesus Christus. Vir die Jode was die kruis van Christus 'n struikelblok en vir die Grieke was dit 'n dwaasheid. Maar Paulus het geweet dat hulle ewige lewe afhanklik is van geloof in Christus, daarom moes hulle die suiwer verkondiging van Jesus as die gekruisigde hoor. Hulle moes hoor hoekom God sy eie Seun aan die dood van die kruis oorgegee het; dit was oor hulle sonde.

Getroue prediking verkondig dus die volle raad van God. Die Woord word so verkondig dat die gelowiges die praktiese implikasies kan raaksien. Getroue prediking vind plaas in die erediens en in die privaatheid van die huis. En dit maak nie saak wie daar sit om die Woord te hoor nie – die prediking word nie aangepas om die mens ter wille te wees nie. En in die laaste plek – getroue prediking van die Woord konfronteer 'n mens met sy eie sonde. Verkondiging van die Here se Woord is nie bedoel om ons altyd saggies toe te vou nie. Die Woord is skerper as enige swaard met twee snykante. Wanneer die prediking van die Woord my dan ongemaklik maak omdat dit voel of daar nou net op my tone getrap word, moet ons nie kwaad word vir die prediker nie. Hy doen net wat die Here hom beveel het – hy verkondig die Woord suiwer.

As ek dan deur die Here aangespreek is, moet ek my van my sonde bekeer en my toevlug tot Christus neem. Daarom moet Christus in elke preek verkondig word anders is dit nie getroue prediking nie.

Geliefdes, as ons net een maaltyd in 'n week eet, kan ons nie behoorlik werk nie. Ons moet gereeld eet. As ma met elke maaltyd net vis en skyfies voorsit, sal dit lekker wees, maar op die lang duur gaan ons gesondheid ook ingee, want ons kry nie al die ander voedingstowwe in wat ons nodig het nie.

Mag ons nooit tevrede wees met net een erediens in die week nie. Mag ons ook nooit tevrede raak met net 'n erediens en nie ook self die Woord van die Here lees en bestudeer nie. Die Heilige Gees wil met hierdie gereedskap in jou en my werk. Mag ons gemeente dit nooit waag om die Here uit te daag om sonder die Woord met ons te werk nie. Hy het juis behae daarin om met sy Woord in ons te werk.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 119:39, 40 (p. 594)

- 39 HEER, u woord is my 'n fakkel / wat sy ligglans voor my dra,  
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.  
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,  
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.
- 40 Troos my nou met u beloftes; / teëspoede druk my neer.  
Laat my offers – my gebede – / U behaaglik wees, o HEER!  
Of my lewe al in gevaar is, / of die dood my al bedreig –  
'k kan u wette nie vergeet nie, / so 's my hart daartoe geneig.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
15 Mei 2016